Aandmuzik offers 5 luxury en-suite double bedrooms and two family rooms with private entrances overlooking the garden and swimming pool.

Each room has a Microwave, Fridge (honesty bar), Air-conditioning, TV with DSTV.

A traditional continental English breakfast is served.

Secure undercover parking with electric gate and electronic fencing.

Walking distance from University & Vodacom park

CONTACT: Stella Theron – 082 447 9053
18 Dreyer Street, Universitas

“Believe in yourselves”

By Thabo Kessah



On the 6th of August, our Vice-Chancellor and Rector, Professor Jonathan Jansen, paid the university partner schools a courtesy visit to motivate both the learners and their teachers.

In his talk, Prof Jansen emphasised the need for learners and teachers to believe in themselves.

“We believe in your potential at the university. We are looking forward to having all the matriculants at one of our three campuses in 2013. We are looking for good students. This means those who are good academically and as human beings. You can have a degree, but remain a thug. That's not what we want to produce. We want to produce excellent human beings,” Prof Jansen said to matriculants at Ntsu Secondary School.

“You are extremely clever and we want to thank your committed teachers for that. So don't believe anything else you are being told by those who don't believe in you. All of you here are like our own Sannah Mokone from Odendaalsrus who is now studying at Oxford University in the UK. All that she needed to hear was that she could also do it and look where she is now,” continued Prof. Jansen, referring to a former Kopsie student who is now studying at one of the world's best universities.

Prof. Jansen urged all matriculants to protect themselves at all times.

“You don't become good by sleeping your life away and being reckless. Prepare your life as early as now and get at least one degree. Don't be

irresponsible, set a goal for your life and take care of your body. Remember, if you fail to plan, you are actually planning to fail,” Prof. Jansen concluded.

He also visited Tiisetsang, Thabo-Thokoza, Bethlehem Comprehensive and Ntsu Secondary Schools as part of the Memorandum of Understanding (MOU) that the university signed with the municipality to have a working relationship. This agreement has already yielded positive results noting the improved results of the Dihlabeng schools in 2011.

Prof. Jonathan Jansen sharing the UFS vision with learners during his courtesy visit.

Kaartafdeling, die mense waarvoor jy nie kan wegkruip nie

Deur Amanda Tongha



Foto: Anja Aucamp

Dit maak nie saak of jy personeel, student of buitepersoon is nie. As jy gebruik maak van die universiteit se fasiliteite benodig jy 'n kaart en die plek om een te kry is by die kaartafdeling op die Thakaneng-brug op ons Bloemfontein-kampus. Die afdeling, een van die besigste by die universiteit, voorsien studente- en personeelkaarte aan ons Bloemfontein- en Suid-kampusse en is die domein van Gillian Hurford en Olga Oliphant. Jy ken hulle dalk nie, maar wees gewaarsku, hulle weet wie jy is.

“Ons ken almal op die kampus, van oorsese professore tot studente,” vertel Gillian, 'n assistentbeampte in ons Departement Finansies. Sy vertel die storie van 'n Amerikaanse personeelid wat die ander dag die afdeling besoek het. Toe hy instap om sy nuwe RFID-kaart af te haal groet sy hom op sy naam. “Ken ek jou?” vra dié ewe verbaas in 'n dik Amerikaanse aksent, waarop sy toe antwoord: “Ek het hierdie kaart gemaak.”

By die kaartafdeling word nie net kaarte uitgereik of geld daarop gelaai nie, maar daar word ook verhoudings gebou. “Ons is hul ma's, susters, vriendinne, sielkundiges en dokters,” vertel Gillian van die duisende studente wat

jaarliks hul drumpel betree. “'n Student sal byvoorbeeld in trane hier inkom en dan sê ek, 'Kom hier, bakkie, kom ons gaan agter toe en gaan gesels.' Ons is hier om te bemoedig en te adviseer; dis meer as net die uitreik van studentekaarte.”

Sy, Olga en LEMONIA Christolis, hul lynbestuurder, werk ten nouste saam as 'n span om die Kopsie-familie te bedien. LEMONIA, wat ook insit vir ons onderhoud, sit in die George du Toit-administrasiegebou, maar weet presies wat op die brug aangaan, volgens die twee.

“Ons is susters,” sê Olga.

Vir haar span het LEMONIA net lof. “Hulle is positief en geduldig. In die afdeling kan jy nie bekostig om 'n afdag te hê nie. Jy kan nie 'n slegte dag op studente uithaal nie. Hulle verdien nie jou humeur nie, dis nie hulle wat jou ontstel het nie.”

Gillian sê in die kaartafdeling moet jy jou gevoelens kan kamoufler.

Onbeskofte klante kry hulle ook, maar Olga is daar om hulle uit te sorteer, sê Gillian. “Ja, ek kan,” val Olga in. “Vir hulle kners jy op jou tande,” laat hoor LEMONIA van haar kant af. Vir die drie dames gaan dit alles oor geduld en daarvan het hulle baie.

Olga Oliphant, LEMONIA Christolis en Gillian Hurford van die Kaartafdeling.

Photos: Johan Roux



Pieter-Dirk Uys.

2012 Global Leadership Summit attracts students and scholars from around the world

By Lacea Loader

From 8 to 20 July 2012, the university welcomed and hosted 200 students, academics and senior administrators from 27 universities in the US, Europe and Asia during its inaugural biennial Global Leadership Summit.

This two-week summit, with the theme, "Transcending Boundaries in Global Change Leadership", focused on international and critical dialogue in addressing salient issues of change leadership, diversity and reconciliation in Higher Education.

Participants attended lectures by eminent academics (including Fulbright Scholars) and prominent leaders addressing, among others, transformational leadership, social justice and globalisation. Staff, students and group mentors reflected on the various themes of the human capabilities required for change leadership as part of a formal learning programme. The programme also included visits to schools, communities and historical sites surrounding the university campuses in Bloemfontein and Phuthaditjhaba.

The summit forms part of the UFS Leadership for Change initiative, started in 2010, which annually provides 150 diverse students with a lot of potential with an opportunity to study abroad as part of a year-long engagement to develop change leadership capacity.

The university and its partner institutions continue this multidimensional programme to develop its global initiatives further. This includes various research programmes, global think tanks and co-curricular learning engagements.

Hoe werk dit: Verlof

Deur Stefan Lotter

Die universiteit is die akademiese instansie met die meeste verlofvoordele in die land, maar al sy werknemers is nie aldag bewus hiervan nie.

Daar is 'n wye verskeidenheid verlof wat by die universiteit geneem kan word, maar selfs net in die basiese vakansie- en siekverlof is die voordele baie ruim.

"Ons hoef slegs 15 dae vakansieverlof te gee, maar die universiteit gee tot 42 dae vir byvoorbeeld dosente en 24 tot 36 dae aan iemand in 'n steundienspos, afhangende van die posvlak," sê Susan van Jaarsveld, Adjunkdirekteur van Menslike Hulpbronne.

"Ons hoef net 36 dae siekverlof oor 'n siklus van drie jaar te gee, maar die universiteit gee tot 120 dae.

"Almal kwalifiseer vir vakansie- en siekverlof. Wat mense geneig is om te vergeet is dat vakansieverlof slegs weksdae is, terwyl siekverlof kalenderdae is wat afgetrek word," sê sy.

Slegs indien 'n persoon langer as drie dae siek is, hoef 'n mediese sertifikaat ingedien te word. Volgens Susan is 'n algemene probleem die gevalle waar daar nie bewyse ingedien word vir watter tipe verlof ook al nie.

Personeel kan ook nou self vir vakansieverlof op die selfhulpdiens van die universiteit se intranet aansoek doen. Dit is vir alle werknemers met toegang tot 'n


werksrekenaar en skakel die lang prosesse van vorms inhandig uit.

Verder is daar ook drie dae 'n jaar deernisverlof, begrafnisverlof van twee dae per geval, kraamverlof, navorsingsverlof, eksamenverlof en spesiale verlof beskikbaar.

"As iemand vir die universiteit oorsee gaan, kry hul byvoorbeeld spesiale verlof," sê Susan. "Dit is omdat personeel dan met kampusaangeleenthede besig is, maar nie op kampus is vir werk nie.

"In gevalle van studieverlof kry onderrigpersoneel van ses maande na 'n jaar om hul Ph.D. klaar te maak," sê sy.

Photo: Salomé Maritz



Prof. Jeanet Conradie, the first female professor to be appointed at the Department of Chemistry.

Jeanet Conradie, first female professor in Chemistry

"Being the first female professor to be appointed shows that South Africa is changing, and that the traditional men's world is achievable for women as well," said Prof. Jeanet Conradie, from the Department of Chemistry at our university. "I suppose it is special. All my lecturers were male: from my first year in 1977 till my Ph.D. in 2000. I never had a female lecturer."

Born in Bloemfontein, Prof. Conradie is a driven career woman with a M.Sc. in Physics and a Ph.D. in Chemical kinetics, electrochemistry and structural aspects of ferrocene-containing B-diketonato complexes of rhodium (I) and iridium (I). Her career thus far includes spending six months as a post-doc at the Department of Physical Chemistry, University of Tromsø, Norway during 2002-2003. She has 91 academic publications in print, three technical reports, delivered 16 lectures at conferences and has several poster contributions to international conferences. One of her career highlights includes being under the top 10 researchers at the university in terms of publication output units (POUs) since 2009. "In 2011 my eldest daughter received the prize as the best Ph.D. student in Chemistry, definitely a highlight for a mother!"

On her wish list for the future is "a higher NRF rating, to maintain a high research output and to be a devoted lecturer and study leader for my students". As a bright and inspiring woman "my main vision in life is to serve my community as well as possible. To achieve this I continuously strive to improve my abilities and to widen my knowledge. I believe, you either make progress in life, or you lag behind."

Although atoms and molecules, "the building blocks of the world", intrigue her most about chemistry, Prof. Conradie also agrees that chemistry within a romantic relationship should exist: "Cuddle a chemist and see the reaction!"

As an academic Prof. Conradie agrees that it is important to keep setting goals for yourself that encourage continuous progress. "To reach a goal, you have to utilise opportunities that come your way, have confidence in yourself and be realistic: climb the mountain step by step. I evaluated myself and decided to concentrate on my strongest abilities and most important is to enjoy your work." However, the cardinal rule is to always "stay humble and never to neglect your family and children".

Her advice to young aspiring students is always to stay true to yourself and "I believe that I should develop all the talents that God gave me". – Salomé Maritz

Department of English helps **improve teaching** at schools

By Brian Naidoo

Photo: Amanda Tongha



Attempts by the university to improve the standard of English teaching and learning at schools have proven to be successful with our Department of English again hosting a workshop for high school teachers this year.

Approximately 100 schools' teachers in the Motheo District of the Free State attended a workshop at our South Campus to upgrade their skills and knowledge on teaching various aspects of English to secondary school learners.

A partnership between the Department of English and the Free State Department of Education saw the teachers learning strategies on how to teach poetry, short stories, essay and paragraph writing. The teachers, most of them English second-language

speakers, will take the knowledge back to their classrooms.

It was the second time our university presented the workshop. The first workshop was presented in February 2011 and the schools' participating indicated a change in the results of their learners.

Mango Maqeba, Subject Advisor for English in the Motheo District, said they received an overwhelming positive response from teachers. "Teachers are challenged in school teaching-learning situations, and to ensure that they are not left behind, we looked to interested academics from the university, especially the Department of English, who are ever-willing to assist by volunteering their services even on a Saturday."

Brian Naidoo, from our Department of English, was joined by the Free State Department of Education's Hazel Motsoeneng (left), Director: Motheo District; and Mango Maqeba, English Subject Advisor: Motheo District; at the workshop: Teaching aspects of English.

Parkering minder gekompliseerd

Met 'n universiteit wat steeds aan die uitbrei is en studentegetalte wat bly toeneem, bly parkering 'n kwelpunt vir talle op ons kampusse. Die kwessie is al meer as een keer deur prof. Jonathan Jansen aangespreek soos in die Maandagbulletin van 26 September 2011 waarin hy noem dat parkering wêreldwyd 'n probleem op elke universiteitskampus is.

Vroeër hierdie jaar is 'n span onder leiding van Nico Janse van Rensburg, Senior Direkteur: Fisiese Beplanning, saamgestel om riglyne vir die gebruik van parkeerplekke op ons kampusse te voorsien. Na verskeie inligtingsessies oor parkering en nadat daar deur honderde e-posse en boodskappe met voorstelle en kommentaar gegaan is, is 'n parkeerbeleid vir die universiteit uiteindelik aanvaar. Daar word gehoop dat parkering met die nuwe beleid meer ordelik sal geskied met minder frustrasies vir personeel, studente en besoekers.

Volgens Nico sal die parkeerbeleid stelselmatig geïmplementeer word sodat mense gewoon daaraan kan raak. Die nuwe parkeerbeleid sal dan vanaf Januarie 2013 toegepas word.

Diegene in besit van 'n motorvoertuig of motorfiets


wat op ons kampus parkeer, sal in die vervolg aan sekere voorwaardes moet voldoen. Soos normaalweg by die gebruik van parkeergeriewe word sekere parkeerareas geserveer vir spesifieke gebruikers soos personeel, studente, besoekers en persone met gestremdhede.

Die nuwe beleid gee voorkeur aan personeel wat die voorreg sal hê om naby aan hul werkplekke te parkeer terwyl studente die parkeerplekke aan die rand van die kampus sal kry. Die allokering van parkeerplekke sal deur die universiteitsbestuur bepaal word. In nie-gereserveerde parkeerareas geld die beginsels van eerste kom, word eerste bedien.

Die gebruik van parkeerplekke gaan ook in die vervolg gemonitor word om te sorg dat parkeerplek optimaal en slegs gebruik word vir dit waarvoor dit voorsien is. Diegene wat nie hou by regulasies nie, kan streng optrede verwag, waaronder boetes.

Die volledige parkeerbeleid is op die Personeelintranet onder beleide beskikbaar. – Amanda Tongha

Foto: Anja Aucamp



Kovsies heading Euro Bursary programme

By Stefan Lotter

Our university is very proud of its most recent Erasmus Mundus Bursary programme, also referred to as the EU-SATURN programme (European-South African programme in Tuning for Regional Needs in Higher Education),

Erasmus Mundus is a to-and-out of Europe scholarship project, which mostly attracts scholarships to Europe. Yet in 2010, following serious groundwork, about 2 million Euros were made available for South Africa to become a part of the attraction. This was the result of great intergovernmental relations.

Erasmus Mundus aims at the development of a comprehensive approach to internationalisation demands of South African universities as part of ongoing transformation processes in higher education in South Africa.

In this recent programme where a total of 12 universities exchange either students or staff for studies in any discipline aligning to a national focus, our university serves as the coordinator in consortium with the applicant University of Groningen.

"The existing relations between the two universities helped," says Dineo Gaohwe-Ingram, Assistant Director at our university's Office of International Affairs.



Bursary holders with staff from the Office of International Affairs.

"Beyond the basics of managing the project, we are also involved in marketing, selecting and making proposals for as many applicants as possible." Students and staff – even non-academic staff – at our university qualify for the bursary. The first and foremost criteria are obviously academic.

"The question is asked what value studying overseas will add to the course," Dineo says. "If all applicants meet the academic criteria and selection needs to be made from a large group, the next phase will be to determine which disciplines are more important in terms of the national focus," she says.

"We have had two Erasmus Mundus projects we are very proud of in Antwerp in Belgium. The second project, although initiated in 2011, will see seven students and two staff members from this university leave now in August/September to study in Antwerp."



Raymond makes huge impact in short space of time

By Ruan Bruwer

It seldom happens that a player makes such a huge impact on a rugby field in such a short space as Raymond Rhule did in 2012.

After just three matches for the Free State Cheetahs in this year's Currie Cup, some pundits predict it will only be a matter of time before he becomes a Springbok.

Earlier in the year he was still playing for the Shimlas' Young Guns (Under 20) in the Varsity Cup.

He was later called up to play for the Shimlas' senior side where coach Jaco Swanepoel picked him as a winger for the first time in his career.

Rhule had previously played outside centre and fullback.

Raymond Rhule in action for the Junior Springboks in their semi-final of the International World Championships in which he scored twice.

Although he did not get much game time for the Junior Springboks in the International World Championship in June, when he did, he made it count.

In the semi-final against Argentina, he scored two scintillating tries within the space of two 12 minutes after coming on as a replacement.

What impressed about both tries were the superb angles from which he ran.

He was the only Free State player in the South African squad and describes the win over New Zealand in the final as the highlight of his career thus far.

Being selected for the Cheetahs' first outing in the 2012 Currie Cup, little was known about this "Black Diamond", as assistant coach Hawies Fourie refers to him.

However, afterwards everyone would have taken notice as he scored his side's only two tries and being named the Most Valuable Player for his coaching staff. Not bad for a 19-year-old in his debut game.

Raymond is the first one in his family to play rugby. At the age of six he moved from Ghana to South Africa with his family.

"I was introduced to the sport in the hostel in Bloemfontein where the boys often played touch rugby. I would like to introduce my little brother (4) to rugby as well when he's a bit older," Raymond told *Dumela*.

Dis nie genoeg om te hoop u is gereed vir aftrede nie. U moet begin beplan.

As 'n gegradueerde professionele persoon met 'n suksesvolle praktyk of korporatiewe loopbaan, laat u inkomste u toe om 'n sekere lewenstyl te geniet. Maar wat van wanneer u aftree? Sal u nog daardie lewenstyl kan bekostig?

Sal u werkgewer se aftreefonds of die verkoop van u besigheid of praktyk voldoende wees?

'n Uittree-annuïteit (UA) is waarskynlik een van die beste maniere om 'n neseier op te bou of u bestaande spaar- of beleggingsfondse aan te vul. Dink daaraan as 'n doen-dit-self-pensioenplan. Dit word teen krediteure beskerm en die premies is, binne limiete, aftrekbaar van belasbare inkomste.

Sanlam se Uittree-annuïteit bied u:

- **Buigsaamheid:** U kan kies uit 'n wye verskeidenheid van beleggingsopsies, terwyl beleggingsportefeuilles te eniger tyd verander kan word.
- **Waarde vir geld:** As 'n professionele persoon kwalifiseer u vir Sanlam se laagste tariewe.
- **Die Sanlam Aftreeversterker:** Vind baat by die groei in die Sanlam-aandeleprys!

Begin met dit waarvoor u hoop.



Ben Opperman
Senior Finansiële Beplanner
051 407 8156
082 457 2240
benoprnm@intekom.co.za



Ons dink vooruit

Sanlam C013MS0516BPA

GELISENSIEERDE VERSKAFFER VAN FINANSIËLE DIENSTE

Kleinsêr Craze at Kovsie-kerk

By Jo Mbangata

The venue was a festival of excitement and anticipation, with just a touch of nervous tension, all rolled into one, with the audience, mostly comprised of students living in residences that are performing here tonight awaiting the arrival of the first competitors to perform at the annual Kovsie Kleinsêr finals. The events that have led to this evening include countless sleepless nights and hard work that are synonymous with this 27-year-old competition. For the performers and the creative machines that have put the performances together, nothing less than first prize will do.

The winning residences – one male and one female – will walk away with cash prizes, along with the honour of representing the university at the National Kleinsêr Championships. As the winners are revealed at the end of the night, nervousness is quickly replaced by a fusion of jubilation and gloom. The building bursts with celebrations by students supporting the winners Veritas and Marljolein, but there are sadly no consolations for the losers.

Newly appointed Arts and Culture Officer, Tonderai Chiyindiko says he was pleasantly surprised by the performances. "As a newcomer to the Kleinsêr experience I was completely bowled over by the level of the performances and talent."

The Kleinsêr Nationals were held on our Bloemfontein Campus. "Nationals are a bigger scale of the competition and I believe they will give me an appreciation of what sêr means to students," said Tonderai. The Kleinsêr National competition saw Kovsie rivals such as Tuks and the Pukke in Bloemfontein where they competed in the coveted National Kleinsêr Championships.

Klein dingetjies maak 'n reuse verskil vir dié studente

Deur Igno van Niekerk



Foto: Igno van Niekerk

In die laat-tagtigs was een van my universiteitsvriende, Barry, in 'n rolstoel. Met elke klas het Barry iemand gesoek wat hom by die trappe op te help dra, oor randstene te lig, en teen die einde van die dag help om by die plek te kom waar hy opgelaai kon word.

Wat 'n wonderlike verskil is dit nie vandag op die kampus nie. Nie alleen sien die Eenheid vir Studente met Gestremdhede om na fisiese behoeftes in terme van geboue nie. Oor die afgelope tyd het studentebehoeftes toegeneem, en het die sentrum al meer geleenthede vir studente geskep. 'n Gesprek met 'n ma van een van die studente wat deur die sentrum ondersteun word, som die werk van die sentrum op: "Ek is hulle ewig dankbaar, as ouer vind ek hulle werk besonder waardevol vir my kind."

Die verskeidenheid van studentebehoeftes waarmee gewerk word, is verstommend. Daar is die studente met fisiese gestremdhede soos serebrale gestremdheid, veelvuldige sklerose en Spina Bifida. Ander studente is gehoorgestrem, wat wissel van doof, doofwordend tot hardhorend. Siggestremde studente wissel van swaksiende studente tot studente wat blind is. Dan is daar studente met leergestremdhede wat ADHD en disleksie insluit. Gegewe die verskeidenheid

waarmee die sentrum werk, is dit heel insiggewend om by hulle kantore in die ingangsportaal van die UV-Sasol-Biblioteek te gaan inloer.

Wanneer mens instap by die kantore van die sentrum is daar 'n positiewe energie wat uit gesellige werksessies weerklink. Dit is redelik duidelik uit gesprekke met Hetsie Veitch en Martie Miranda dat hulle voel hulle roeping om hier te wees. Om 'n verskil te maak.

En wat 'n verskil maak hulle nie!

In klasse waar dowe studente is, poog hulle om elke keer 'n tolk wat gebaretaal verstaan beskikbaar te hê. Hetsie self is betrokke by verskeie aanbiedings wat dosente en selfs studente meer bewus maak van moontlike behoeftes van studente met gestremdhede. Soms kan eenvoudige aanpassings 'n reuse verskil maak. 'n Dosent wat 'n siggestremde student in die klas het word net daarop attent gemaak dat, wanneer hy/sy op die bord skryf, hulle ook moet sê wat hulle skryf. Klein dingetjies wat 'n reuse verskil maak.

"Die wonderlike daarvan wanneer mens vir mense met gestremdhede voorsiening maak, is die feit dat nie alleen die gestremdes baat vind nie," merk Hetsie op. "Jy bou 'n rolstoeloprit, en skielik kan die ou wat pakkies aflewer dit ook gebruik, ook die ouer

persoon met seer knieë, of iemand wat 'n baba in 'n stootwaentjie stoot." Hetsie se passie om 'n verskil te maak is duidelik uit haar geanimeerde gesprek en die stories wat sy vertel. Soos die student wat met moeë oë en 'n dik bril in een van die klasse gesit het. "Die student het nie eers geweet sy kan ekstra tyd in die eksamen kry nie, en dat ons van haar werk kan vergroot nie. En sy was al besig met haar honneurs!"

Uitdagings is daar baie. Hetsie lag wanneer sy vertel. "Jong, daar is kopieregkwessies wanneer ons byvoorbeeld notas in braille vertaal. Sommige dosente is bekommerd oor hulle intellektuele eiendom, en ander is weer nie geneë daarmee om hulle klasse te laat opneem nie." Die uitdagings hou ook nie hier op nie. "Baie studente voel dat wanneer hulle leerprobleme het, hulle nie as gestremd wil beskou word nie – dan kom soek hulle nie hulp hier nie. Selfs die semantiek is 'n uitdaging. Dis mos nie 'n skande om hulp te kry as jy swaarkry nie.

Dis wanneer mens uitstap dat jy besef dat hierdie span nie gestremdhede as uitdagings of probleme beskou nie. Vir hulle is gestremdhede geleenthede.

Geleenthede wat vir almal tot voordeel strek! **Positiewe energie weerklink uit gesellige werksessies by die Eenheid vir Studente met Gestremdhede.**

"Gees besonders by Olimpiese Spele," sê oud-Kovsie

Deur Ruan Bruwer

Ná die gogga van die Olimpiese Spele hom gebyt het, wil die oud-Kovsie-pluimbalspeler Wiaan Viljoen oor vier jaar sorg dat hy weer in daardie ervaring deel wanneer die spele in Rio de Janeiro, Brasilië, aangebied word.

Wiaan (27) wat in 2010 sy BA-graad in Menslike Bewegingskunde aan ons universiteit behaal het, het die uitsonderlike voorreg gehad om die Londen-spele saam met sy jonger suster Annari (25) te beleef.

Annari is self 'n oud-Kovsie en was ook 'n lid van die Suid-Afrikaanse pluimbalspan.

"Die Spele oor vier jaar is definitief nou my volgende langtermyn doelwit. Pluimbal is nie 'n groot sport in ons land nie. 'n Ander groot doelwit van my is om pluimbal meer blootstelling te gee en die jonger spelers help ontwikkel," verduidelik hy.

Volgens Wiaan was die atletiekdorp in Londen amper soos 'n woonbuurt ingerig met woonstelblokke wat vir al die verskillende lande opgerig is.

"Die gees daar was iets anders. Jy het voortdurend die ander lande se atlete raakgeloop en almal het in dieselfde eetsaal geëet."

Hy sê hy was versigtig om nie te meegevoer te raak en fokus op sy spel te verloor nie.

"Ek was al voorheen in Londen gewees, so die meeste van die stad se besienswaardighede was aan my bekend. Ek het dus nie te veel sosiaal verkeer voor ek moes speel nie."

Die Suid-Afrikaanse manspan het nie verder as die uitdunrondes gevorder nie.

'n Tradisie onder pluimbalspelers is om die Olimpiese ringe te laat tatoeër as jy vir die Spele gekwalifiseer het.

Wiaan het dit ook gedoen en ofskoon dit nie vir hom 'n spesifieke betekenis het nie, dien dit as 'n herinnering dat hy dit tot by die Spele gemaak het.

Om te kwalifiseer, moes hy die beste in Suid-Afrika, Afrika en onder die 50 topspelers in die wêreld wees.



Wiaan en Annari Viljoen.



talk about it ...

In this edition, one exceptional staff member and two students tell us about their experiences worlds apart – stretching from participating in the Olympics, another meeting impressive personalities at the Google Zeitgeist Conference in London to a professor who is coordinating author of a book on life and the environment. It does not matter where we had to reach them for their stories – in the case of Prof. Van As it was the Okavango Delta, *Dumela* is bringing their news to you.



Prof. Jo van As

Die jaar 2012 is 'n besondere jaar prof. Jo van As, Hoof van die Departement Dierkunde en Entomologie aan ons universiteit.

Sy departement vier vanjaar sy eeufees en hy is self al vir 'n kwart van daardie jare by Kopsies. Boonop het 'n lywige publikasie waaraan die afgelope vyf jaar gewerk is, met hom as koördinerende outeur, die lig gesien. Die boek, *The Story of Life & the Environment – an African perspective*, is deur Random House Struik gepubliseer. Daar word gewerk aan 'n Afrikaanse weergawe en die boek sal ook in e-formaat beskikbaar wees.

Dumela het Jo en sy span in die Okavango-delta vasgepen om 'n paar vrae oor die boek te beantwoord (Terloops: Hulle moes 'n stywe afstand loop en onder 'n boom gaan sit waar 'Wi-fi' is om die e-pos te stuur!):

Waar het die gedagte aan die boek ontstaan?

Omdat daar 'n behoefte bestaan aan 'n ekologiese wat handel oor Afrika-voorbeelde. Daar is goeie teksboeke oor ekologie, maar dit is alles voorbeelde uit die noordelike halfrond. Die idee het gegroei, totdat die boek van Terrence McCarthy en Bruce Rubidge – *The Story of Earth and Life* gepubliseer is. Nadat daar met hulle 'n gesprek gevoer is, is daar besluit op 'n boek wat aanvullend daartoe is. Hulle boek is hoofsaaklik vanuit 'n paleontologiese, antropologiese en argeologiese perspektief geskryf, en hierdie boek is vanuit die biologiese perspektief geskryf, met 'n Afrika-perspektief.

Gee 'n blik op die omvang van die werk.

Dit was 'n enorme projek, waarvan niemand werklik die omvang in die beplanningsfase besef het nie. Die boek beslaan 450 bladsye, met 11 hoofstukke, 750 foto's en 200 kleurrike illustrasies en met meer as 20 kaarte van Afrika. Feitlik al die kaart-illustrasies was reeds voltooi toe Suid-Soedan onafhanklik geraak het, en daarna moes die kaarte daarvolgens aangepas word. **Wou jy iewers die taak opgee?**

Ek was nooit bereid om op te gee nie, want daar is geweldig baie in die projek belê. Daar was wel dae wat ek gewonder het of ek stapelgek was om dit aan te pak! **En aan die einde, hoe het dit gevoel om die eindproduk in jou hand te hou?**

Dit is werklik 'n hoogtepunt van my loopbaan, en dit is veral lekker omdat daar ook binnekort 'n Afrikaanse weergawe op die rakke gaan wees. Die boek is ook in elektroniese formaat beskikbaar. Die idee was ook om dit so toeganklik as moontlik te maak, en ons kon met finansiële hulp vanaf prof. Jonathan Jansen ook daarin slaag om die boek baie bekostigbaar op die rak te kry. – **Leatitia Pienaar**



Gabisile Hlumbane

Banyana Banyana made history when they qualified for the Olympics for the first time in the country's history and joined the many fortunate athletes who were given the chance to represent South Africa at one of the world's greatest sporting events. Among the squad was Bloemfontein's very own Gabisile Hlumbane, a versatile midfielder currently playing her club football at Kopsie FC. Gabisile shared her experience of the Olympic Games and her hopes for the future.

For her it was a huge opportunity to compete at the Olympics. She said, "I felt blessed and honoured to be chosen as many of the players who had been with us since qualification hadn't made it." Gabi also commented on a few of the athletes she got to meet: "I met Homare Sawa who is the current FIFA women's player of the year, Marta of the Brazilian women's football team, and Mexico's Giovanni Dos Santos."

Gabi also commented on the feeling of playing in front of a large audience and what the team can do to improve in the future. "It was an amazing feeling to play in front of so many people. The support from the South Africans was great and even the foreign supporters appreciated good football, but we need to have more friendlies against international opposition in future and work on our concentration during games."

As for the future, Gabisile has high hopes for her footballing career. "I was surprised to see that some of the other players were in their late twenties, and it has inspired me to continue playing and to work hard for the next Olympic Games." – **O'Ryan Heideman**



Sibusiso Tshabalala

It is not every day that one gets to meet former US President Bill Clinton, fashion maverick Dame Vivienne Westwood, Google founder and CEO Larry Page and singer and activist Annie Lennox. In a once-in-a-lifetime opportunity, Kopsie student Sibusiso Tshabalala jetted off to London in May where he rubbed shoulders with these visionary leaders and innovators.

Selected as one of ten young people who are changing the world he was invited to attend the Google Zeitgeist Conference, an annual event where visionaries like Larry Page share perspectives on global issues.

"Meeting Bill Clinton was a memorable experience," the third-year B.Com. Law student says. "His warm persona and sharp intellect naturally draws people to him. He can speak for hours on end and the people around him will always listen eagerly and engage with him." In one of the pictures from the event posted on our university's Facebook page the former statesman is addressing Sibusiso. What did they talk about?

"He shared anecdotes of the moments he spent with former President Nelson Mandela. Many people know Bill Clinton is one of the world leaders who have spent a considerable number of birthdays and moments with Tata."

Sibusiso nearly did not make it to the conference. "I missed my connecting flight from Bloemfontein to Cape Town. It was a classic case of the airport authorities deciding to let the flight leave earlier without notifying us. There were about 10 of us who missed our flight. A good Samaritan gave me a lift to Johannesburg where I got a connecting flight to Amsterdam, from where I got to the UK eventually – a couple of hours late."

Trying to condense the experience is a challenge, the 20-year-old says. "I still haven't made sense of it all. The experience was a learning exercise for me in many ways. I've learnt the power of building networks and harnessing the innate creativity that lies in all of us." – **Amanda Tongha**



Pieter en Cecile.

Ons leer ken ...

Deur Amanda Tongha

Hulle is die mense wat verantwoordelik is vir ons universiteit se begroting en toesien dat geld by fakulteite en steundiensafdelings uitkom. Cecile Joubert is Adjunk-Direkteur: Finansies en Pieter du Plessis is Direkteur: Finansies.

Die twee deel 'n kantoor in die George du Toit-administrasiegebou en het baie in gemeen. Albei het B. Rek-kwalifikasies agter die rug en is gebore Vrystaters. Cecile het op Steynsrus grootgeword en Pieter is van Petrusville. Al twee het in 2007 by ons universiteit begin werk, Pieter in Maart en Cecile in April van daardie jaar.

Buite die werk is Pieter koshuishoof van Villa Bravado. Cecile is 'n groot musiek liefhebber wat hou van Afrikaanse musiek.

Hier is die twee se antwoorde op 'n paar willekeurige vrae.

Cecile Joubert

Mense stap altyd na my toe ... en sê hulle ken my of hulle vra of ek 'n natuurlike rooikop is. As dit by die werk is praat hulle met my oor hul begrotings.

Ek huil nie maklik nie maar... gee my 'n mooi boek.

Geld is nie alles nie ... maar my familie is.

Mense weet nie dat ek ... klavier speel nie. Ek het my Trap 9 (gelykstaande aan Unisa Graad 7) voltooi.

As ... mense maar net oor oor die weg met mekaar kan kom.

As ek op die Titanic was ... het ek geswem dat dit klap.

Pieter du Plessis

Mense stap altyd na my toe ... en vra hoekom ek so gelukkig lyk.

Ek huil nie maklik nie ... behalwe as dit kom by diep songs - veral in die kerk.

Geld is nie alles nie ... maar as jy nie oppas nie kan dit jou groot bekommernis gee.

As ... ek maar net 'n mielieland gehad het.

Mense weet nie dat ek ... baie belangstel in sterrekunde. Ook dat ek 'n trustee is van die Elanja Trust wat met minderbevooregte kinders in Heidedal werk.

As ek op die Titanic was ... sou ek die kaptein opgesoek het en iets aan die situasie probeer doen het.

The SKA draws the world's eyes to South Africa

Prof. Meintjes made the SKA project more tangible for the ordinary person. Even then, some of the information was too complex to grasp. Fundamental questions that will be answered with the knowledge gleaned from the SKA relate to the birth and evolution of the universe – especially the era of re-ionisation after the big bang when the first generation of massive stars ignited.

The telescope's superior sensitivity and resolution will enable it to probe into the darkest corners of the Milky Way galaxy to search for newborn stars and planets.

The telescope, consisting of 3 000 dishes, will give access to deep and dark areas of the universe. It will be so strong that the equivalent of a radar signal at an airport can be detected 50 light years away. It has 10 000 times the exploration capacity of existing telescopes.

The amount of data processed and transferred daily to researchers is staggering: the SKA is going to generate enough data in a 24-hour period to fill 15 million 64 GB iPods. The central computer will have the processing power of 100 million modern personal computers. The optical fibre used will be long enough to wrap around the earth twice.

All eyes are on South Africa with the construction of the SKA telescope at Carnarvon in the Karoo. The world will also be taking note of the quality of scientists and engineers trained at South African universities. Some of these students studied at our university. – **Leatitia Pienaar**

“South Africa’s giant eye to the sky” was the topic of a public lecture by Prof. Pieter Meintjes, head of the Department of Physics.



Proff. Pieter Meintjes and Hendrik Swart.



“Stick to your dreams, reach your destiny,” Zahara tells class of 2012

Grade 12 learners from more than 30 schools attended the Qwaqwa Campus Open Day where they had the rare opportunity of being motivated by Zahara.

In between her hits like ‘Loliwe’, ‘Umthwalo’ and ‘Destiny’, Zahara advised the Class of 2012 to stick to their dreams if they were to reach their destiny.

Also in attendance was our Vice-Rector: External Relations, Dr Choice Makhetha, who encouraged the packed Rolihlahla Mandela Hall never to allow their disadvantaged background to influence their future.

“I was also in your shoes years ago. I know how it feels to come from a poor family. “I am here today and proud to say I am part of the leadership of one of the best universities in the world,” said Dr Makhetha, herself a former student of the university.

Excited learners then visited various faculties and departments to see what they offered and they also had the opportunity to apply for placement in the 2013 academic year. – **Thabo Kessah**



Retirement, research and rest

Two of our university's brightest minds from the Faculty of Law, Prof. Martin Dednam and Prof. Charles Ngwena, have recently retired. Prof. Dednam was part of our university from 1982. He got various awards, for instance, of the university's award for Education and Service, KowsieSport's award for his commitment to shuttlecock, Kowsie Alumni's award for community service and many more.

"Among the highlights were the opportunity to get to work with staff from other faculties as well," says Prof. Dednam.

"Not a lot of the highlights came from lecturing in itself, but I did what I could for 30 years to improve the Faculty of Law."

Prof. Dednam will remain a research partner at

the faculty where he specialised in Mercantile Law. "I want to give something back to the university through my research and especially do more research in Sports Law. But for the greater part I want to start taking things easy."

Prof. Ngwena worked in Constitutional Law and Philosophy of Law at the university, which entailed teaching in the areas of Constitutional Law and of Health and Human Rights, researching and publishing, as well as community service.

His research was done in two main disciplines – Health and Human Rights and Disability.

"The most outstanding quality of our Faculty of Law is it being a place where one can excel in research and publications," Prof. Ngwena said. – Stefan Lotter



Prof. Ngwena.



Prof. Dednam.

bultjie

Kultuurjol and how to survive an airport

By die Kultuuraand, wat so pragtig aangebied is deur Personeelwelstand op kampus, het Bultjie sprakeloos gestaan oor al die talente van personeel. Wat 'n heerlike (lang!) aand met vele kulture verteenwoordig wat heerlik saamgelag, gesing en gekuier het. 'n Video daarvan sou pragtig gebruik kon word om Kowsies se kultuurverskeidenheid te adverteer. Wees daar volgende jaar!

I think we should challenge staff to do one of the following. You can dance, sing, recite a poem, do acrobatics, animal tricks, balloon twisting, card tricks, clowning, comedy, contortions and escapes, fire-eating, fortune-telling, juggling, magic, mime and a mime variation where the artist performs as a living statue, musical performance, puppeteering, storytelling or painting. I can think of various persons on campus who'll be very funny! I love my job – please don't fire me! But can you imagine Prof. Teuns Verschoor sword-swallowing! Prof. Marissa Brooks charming a snake! The Boss juggling and Prof. Weideman presenting a flea circus!

Only humour can save us from getting old before our time. And who said libraries aren't places with some fun? A librarian friend tells me that she

had the following strange requests: "Do you have any books with photographs of dinosaurs?" "Do you have that book by Rushdie, *Satanic Nurses*?" Rof nê! O yes! Children's books that you don't want your kids to read are *My cat's merry-go round*, and other great microwave games, *Fifty new places to poke a pencil*, *Flying lessons for kittens* and *Advanced screaming, crying and whining*.

Frustreer stadige lughawepersoneel julle ook so dikwels soos vir my? Ek hoor die storie van 'n drie-en-tagtig-jarige Granny Gordon, 'n Amerikaanse ouma in 'n rolstoel wat vrygespreek is op 'n klag van aanranding met gevaarlike wapens en met die doel om ernstig te beseer. Dis nou na haar onderonsie met ses sekuriteitsmense op 'n lughawe. Al ses het in die hospitaal beland.

"Geregtigheid het geskied," reken sy uit haar rolstoel al suidende aan haar suurstofbottel. Blykbaar wou sy op die lughawe reguit deurstap na die vliegtuig toe. "Die spul ape is dommer as klippe! Hulle laat elke Jan Rap en sy maat, terroris en wât nog als deurstap sonder dat hulle deursoek word, maar hulle sleep my eenkant toe om deurgesoek te word! Daai dikkietjie van driehonderd outydse pond was plein ongeskik. Bledie pervers!"

Die videoband wys hoe sy hom al platry met haar elektriese rolstoel en bo-op hom in die rondte spin. So 'n maer mannetjie probeer haar aftrek en sy slat hom disnis met haar suurstofbottel! Nog een kry ook 'n kishou terwyl sy gil: "Deursoek? Traai

om aan hierdie ou vrou te vat!" Die vierde ou wou kom help, maar sy steek hom met haar breinaald presies vier duim bo sy bobespier – van agter. Intussen moedig 'n hele klomp mense haar luidkeels aan. Nummer vyf se broek steek sy aan die brand met 'n sigaretaansteker, wat sy tot dusver as geheime wapen teruggehou het. Nummer ses slaat die vlamme op nummer vyf met sy hande dood – taamlik hard – waarop nummer vyf omswaai en vir nummer ses 'n stewige hou op die kakebeen gee. Intussen skree die arme man onder die stoel net: "Jammer meneer! Baie jammer meneer, ek sal nie weer nie!" Daai "meneer" was die vet op die vuur! Toe charge sy almal met daai stoel. Op een of ander manier het iemand die rolstoel se battery van agter af ontkoppel en tot stilstand gebring – nog steeds vloekend en skellend!

En sy stap skotvry uit die hof! Hoekom? Drie-en-twintig advokate wou haar gratis verdedig en tweehonderd mense het haar by die hof kom ondersteun. Volgens die landdros sou geen jurie in Amerika haar ooit skuldig bevind nie! Sy sluit haar betoog in die hof af met: "Ek vlieg more weer. En laat een van julle my net een skewe kyk gee!" Wens ons kon dié tannie hier kry! Bultjie reken daai standbeeld van die vrou voor die lughawe in Bloem is seker die een wat die vinnigste beweeg van almal daar!

Mooi loop, want vlieg is stadiger!

Bultjie